Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, October 01, 2017
Page: 5

# Vruggebruik vir lewensmaat kan onmin in familie skep

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek kyk vandag na vruggebruik as deel van finansiële beplanning.

'n Leser wil weet of hy aan sy lewensmaat vruggebruik kan gee van sy strandhuis en 'n aandeleportefeulje. Die uiteindelike erfgename is sy kinders uit 'n vorige huwelik, 'n seun wat die strandhuis moet erf en 'n dogter die aandeleportefeulje.

Kom ons bekyk die plan van alle kante af.

Kan jy vruggebruik skep van albei bates, die strandhuis en die aandeleportefeulje? Oor die strandhuis is weinig twyfel, ja jy kan.

Die aandeleportefeulje skep ietwat onsekerheid by baie mense, wat daarna verwys as kwasi-vruggebruik. Kwasivruggebruik sal wees oor iets soos kontant, na my mening, maar ek twyfel nie dat jy vruggebruik oor aandele kan skep nie. Die vruggebruiker sal voordeel kan trek uit die dividende wat betaal word, terwyl die onderliggende aandele behoue bly.

Nou die "voordele" van die vruggebruik: Omdat hy dit aan 'n lewensmaat oormaak, is die waarde van die vruggebruik aftrekbaar vir boedelbelasting in sy boedel. Daar is ook geen kapitaalwinsbelasting (KWB) betaalbaar deur hom nie. Die basiskoste van albei bates gaan oor na die lewensmaat. 'n Lewensmaat word geag 'n gade te wees vir die doel van ons belastingwette.

Die verdere voordeel is natuurlik dat die lewensmaat as vruggebruiker die volle voordeel het van die "vrugte" van hierdie bates; die dividende uit die aandele, soos genoem, en uit die strandhuis kan sy 'n huurinkomste verdien. Sy hoef dit nie met die erfgename te deel nie.

Al wat van die vruggebruiker verwag word, is om die vruggebruik-bate in dieselfde toestand te hou as toe dit verkry is.

By die beëindiging van die vruggebruik verkry die uiteindelike erfgenaam die volle voordeel van die bate. Eers dan.

En dit is waar die probleem gewoonlik inkom, want totdat pa se (dikwels jong) nuwe liefde self die emmer skop (as dit lewenslange vruggebruik is), het die kinders eintlik nog min geërf, behalwe 'n belofte van eendag. Al gewonder hoe mense mekaar kan dood wens? Dis hoekom.

Die waarde van die vruggebruik in die boedel van die vruggebruiker kan (totdat Jan Taks dit stop) nog verminder word deur die sogenaamde "eenjaarwonder" te gebruik - die vruggebruik gaan eers vir 'n jaar of twee oor na iemand anders voordat dit na die erfgenaam oorgaan. Só word die waarde daarvan in die vruggebruiker se boedel verlaag (die waarde word bereken oor tyd).

Maar met kapitaalwinsbelasting (KWB) is daar nie die skuiwergat nie. Die erfgenaam erf uiteindelik die bate teen 'n laer as werklike markwaarde, want 'n deel van die waarde (die waarde van die vruggebruik) het oorgegaan na die lewensmaat en daar is dus net KWB betaal deur die oorledene op 'n deel van die bates se waarde.

So, wanneer hulle eendag die bates wil verkoop, is hul KWB-verpligting baie groter as sou hulle die volle bate direk geërf het, dus sonder die vruggebruik.

'n Baie eenvoudiger manier van doen sou wees om lewensversekering uit te neem om vir die lewensmaat voorsiening te maak. Dit is eweneens aftrekbaar vir boedelbelasting en het geen KWB-gevolge nie.

Vir die paar rand se premies kan jy 'n familie versorg en onmin vermy.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.